



Vak: Graad 10 Afrikaans: EAT

Onderwerp: Afrikaans EAT: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 76 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13

Dorp wil hê inwoners moet mekaar begin groet

1. Luleå, 'n dorp in Swede en die tuiste van sowat 80 000 inwoners, het 'n veldtog van stapel gestuur wat inwoners, glo hoofsaaklik introverte, aanmoedig om met mekaar te begin praat.
2. Al is Luleå 'n kleinerige dorp, beskik dit oor 'n Universiteit van Tegnologie. Die noorderligte kan ook van die dorp af gesien word.
3. In 'n video op sosiale media verhelder inwoners van Luleå, sowat 150 km suid van die Arktiese Sirkel, se gesigte wanneer hulle 'n verbyganger sien wat hulle groet.
4. "Om hallo te sê vir jou bure is iets klein, maar navorsing wys dit kan 'n bydrae lewer tot vriendskapsbande en het 'n positiewe impak op gesondheid, veiligheid en welstand," lui die boodskap op die video.
5. Asa Koski, 'n sosiale strateeg by die munisipaliteit wat die veldtog bestuur, het aan AFP gesê die boodskap word sedert 31 Oktober 2023 op busse en geboue in die stad gedeel. Die veldtog sal vier weke lank voortduur.
6. "Swede kan nogal in hulself gekeer wees. Ons moet meer met mekaar verbintenisse maak en hierdie is 'n manier om verhoudinge te bevorder."
7. Sy sê dit is anders as byvoorbeeld in Spanje, waar mense gereeld buite is, met mekaar praat, op bankies sit en 'n kollektiewe buitelewe lei.
8. Plaaslike skole beplan ook om die video te vertoon en Koski sê peilings het getoon dat mense, veral diegene tussen 16 en 29 jaar oud, al hoe meer eensaam voel. Koski hoop die veldtog sal sosiale bande verstewig en mense aanmoedig om mekaar te groet.
9. In 'n streek waar winter slegs drie ure sonskyn per dag beteken en die gemiddelde temperatuur in Desember gewoonlik -10 °C is, is daar al minder geleenthede vir inwoners om daaglik in mekaar vas te loop.
10. Koski meen die moderne stedelike leefstyl dra by tot die probleem. "Hoe groter die stad, hoe meer is mense alleen," het sy bygevoeg. "Waar mense in kleiner dorpe woon, is dit makliker om die eenvoudige goed vir mekaar te sê."

Bron: maroelamedia.co.za 9 November 2023. (Aangepas vir leerders)

Woordeskat

aanmoedig - encourage

Arktiese Sirkel - Arctic Circle

bevorder - promote

diegene - those



eenvoudige - simple
geleenthede - opportunities
introverte - introverts
inwoners - residents
kleinerig - small
kollektiewe - collective
noorderligte - northern lights
meningspeiling - opinion poll
strateeg - strategist
streek - region
stedelike - urban
verbintenisse - connections
verbyganger - passerby
verhouding - relations
verstewig - firm up

Vraag 1: Veelvuldige Keuse

4 punte

Meer mense voel alleen in ...

- | | |
|----------|------------------|
| A | 'n klein dorpie |
| B | op 'n plaas |
| C | in 'n groot stad |
| D | by die see |

Vraag 2: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Wat word die universiteit in Luleå genoem?

Verskaf **slegs drie woorde**.

--

Vraag 3: Waar/Onwaar

2 punte

Daar is baie min sonskyn in Luleå in die winter.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------



Vraag 4: Waar/Onwaar

2 punte

Die dorp, Luleå, is in Noorweë, geleë.

WAAR**ONWAAR****Vraag 5: Voltooi Die Ontbrekende**

4 punte

Die veldtog word op (1) geadverteer. Dit sal (2) lank duur.

Opsies Is: lampale en koerante | busse en geboue | 'n jaar | vier weke

1**2****Vraag 6: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Haal die vyf opeenvolgende woorde aan wat die sin sal voltooi:

"Omdat daar min ure sonskyn is en dit baie koud is in Luleå, is daar min geleentheid vir mense om daaglik ..."

Verskaf **slegs die vyf opeenvolgende** ("consecutive") **woorde**.

--

Vraag 7: Waar/Onwaar

2 punte

Geen toeriste kom ooit Luleå besoek nie.

WAAR**ONWAAR**

Vraag 8: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Haal die drie opeenvolgende ("consecutive") dinge aan, wat wys dat die groet van ander mense 'n positiewe impak het.

Skryf dit neer **net soos dit in die sin voorkom**.

Onthou om **aanhalingstekens** ("quotation marks") te gebruik.

Vraag 9: Waar/Onwaar

2 punte

Die veldtog sal by skole bekendgestel word deur 'n video te vertoon.

WAAR**ONWAAR****Vraag 10: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Wat is die persoon se naam wat hierdie veldtog in Luleå bestuur?

Verskaf **slegs twee woorde**.

Vraag 11: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die woord beskrywing wat die sin korrek sal voltooi:

Mense, veral ..., voel al hoe meer eensaam.

A

pre-tieners

B

afgetredenes

C

middeljariges

D

tieners en jong volwassenes



Vraag 12: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die beste beskrywing vir 'n introvert.

- | | |
|----------|-----------------------------|
| A | Baie sportief. |
| B | Verkies alleen-aktiwiteite. |
| C | Bang vir mense. |
| D | Skaam vir mense. |

Vraag 13: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die mense van (1) kuier gereeld buite en hou van die (2) .

Opsies Is: Swede | Spanje | jagtogte | buitelewe

1		2	
----------	--	----------	--

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20, 21, 22, 23, 24, 25
Alfred Nobel

1. Alfred Nobel was 'n Sweedse chemikus, ingenieur, uitvinder, suksesvolle sakeman en filantroop.
2. Hy het baie bekend geraak vir sy uitvinding van dinamiet. Die verkope daarvan het hom baie ryk gemaak. Hy was geskok om te sien hoe sy uitvinding, dinamiet, gebruik word om verwoesting te saai.
3. Hy het nooit getrou nie. Sommige mense sê dat mense wat nooit trou nie, baie ryk word.
4. In 1895 het hy in sy testament bepaal dat sy fortuin belê moes word en die rente gebruik moes word om pryse aan mense te gee. Hy het gesê: "Stig 'n fonds vir pryse." Dit staan vandag as die Nobelpryse bekend.
5. Wenner word jaarliks gekies vir uitstekende navorsing, vir pionierswerk in die ontwikkeling van nuwe tegnologie of toerusting of mense wat 'n buitengewone bydrae tot die samelewing gemaak het. Dit word beskou as die hoogste eer wat 'n mens kan ontvang in die hedendaagse wêreld.
6. Nobel was een van ag kinders, maar (vier/fier) van sy sibbe is jonk dood. Alfred, sy pa en sy broer, Emil, het aan die ontwikkeling van nitrogliserien vir ontploffings gewerk. Die eksperimente was baie gevaarlik en Emil sterf in 1864 in 'n ontploffing. Sy broers, Ludvig en Robert, het 'n oliemaatskappy begin en ook baie ryk geword.
7. 'n Mens sou nooit kon sê dat Alfred Nobel met sy duime staan en speel het nie. Hy kon verskeie tale praat en het gedigte en dramas geskryf. Sy belangstelling in sosiale en vredesverwante sake was duidelik in die pryse wat hy na sy dood wou toeken. Al sy suksesse maak dit so duidelik soos ... dat hy baie intelligent en baie hardwerkend was.



Bron: Wikipedia

Woordelys

belangstelling - interest
buitengewone - exceptional
dinamiet - dynamite
duidelik - clear
duime - thumbs
eer - honour
mensdom - humanity
navorsing - research
ontploffings - explosions
ontwikkeling - development
pionierswerk - pioneering
pryse - prizes
rente - interest
samelewing - society
sibbe - siblings
toegeken - awarded
uitvinder - inventor
verskeie - various
verwoesting - destruction

Vraag 14: Waar/Onwaar

2 punte

Paragraaf 1: "Alfred Nobel was 'n Sweedse chemikus, ingenieur, uitvinder, suksesvolle sakeman en filantroop."

Die vroulike vorm van sakeman, is sakedame.

WAAR

ONWAAR

Vraag 15: Waar/Onwaar

2 punte

Ons lees in paragraaf 7: "'n Mens sou nooit kon sê dat Alfred Nobel met sy duime staan en speel het nie."

Die idioom, met sy duime staan en speel, beteken dat hy baie vaardig met sy hande is.

WAAR

ONWAAR



Vraag 16: Veelvuldige Keuse

4 punte

Paragraaf 3: "Sommige mense sê dat mense wat nooit trou nie, baie ryk word."

Hierdie sin is 'n voorbeeld van ...

- | | |
|----------|--------------------------|
| A | alliterasie. |
| B | homofone. |
| C | veralgemenings. |
| D | idiomatiese taalgebruik. |
-

Vraag 17: Veelvuldige Keuse

4 punte

Ons lees in paragraaf 1 dat Alfred Nobel 'n filantroop was.

Die woord, filantroop, beteken ...

- | | |
|----------|--|
| A | iemand wat graag mense help. |
| B | iemand wat geld wil maak. |
| C | iemand wat in die tropiese woude reis. |
| D | iemand wat in Europa woon. |
-

Vraag 18: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kies die korrekte homofoon uit die woorde tussen hakies om by hierdie sin te pas:

Paragraaf 6: "Nobel was een van ag kinders, maar (vier/fier) van sy sibbe is jonk dood."

Verskaf **slegs een woord**.

--



Vraag 19: Veelvuldige Keuse

4 punte

Alfred Nobel het bekend geraak vir sy uitvindings.
Ek het aan my kop geraak.

Die woord, geraak, in hierdie twee sinne is ...

- | | |
|----------|------------------|
| A | homofone |
| B | homonieme |
| C | intensiewe vorme |
| D | sinonieme |
-

Vraag 20: Veelvuldige Keuse

4 punte

Paragraaf 7: "Al sy suksesse maak dit so duidelik soos ... dat hy baie intelligent en baie hardwerkend was."

Kies die woord wat die vergelyking, so duidelik soos ... sal voltooi.

- | | |
|----------|-----------------|
| A | die helder see |
| B | padda manel dra |
| C | daglig |
| D | die waarheid |
-



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 21

Sinsoorte 1. Stelsin - iemand maak 'n stelling. Bv. My vriende is oulik. (Onthou die punt aan die einde van die sin.) 2. Vraagsin - iemand stel 'n vraag. Bv. Is my vriende oulik? (Onthou die vraagteken aan die einde van die sin.)	 3. Bevelsin - iemand gee 'n opdrag of bevel. Bv. Bly stil! (Onthou die uitroepeteken aan die einde van die sin.) 4. Uitroepsin - iemand gee gewoonlik uiting aan 'n gevoel of emosie. Bv. Wat 'n pragtige dag! (Onthou die uitroepeteken aan die einde van die sin.) 
--	---

Vraag 21: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Benoem die sinsoort uit paragraaf 4:

"Dit staan vandag as die Nobelpryse bekend."

Verskaf **slegs een woord**.

Vraag 22: Waar/Onwaar

2 punte

Ons lees in paragraaf 2: "Hy was geskok om te sien hoe sy uitvinding, dinamiet, gebruik word om verwoesting te saai."

Die woord, geskok, is gevoelstaal, want dit dra die persoon se emosie oor die saak oor.

WAAR

ONWAAR

Vraag 23: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Skryf die sin uit paragraaf 4 in die indirekte rede:

Hy het gesê: "Stig 'n fonds vir pryse."

Begin met: Hy het gesê dat ...

Verskaf die **hele sin** in die **indirekte rede**.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 24**Vraag 24: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Paragraaf 5: "Dit word beskou as die hoogste eer wat 'n mens kan ontvang in die hedendaagse wêreld."

Wat is die verkleiningsvorm van wêreld.

Verskaf **slegs een woord**.

Vraag 25: Waar/Onwaar

2 punte

Ons lees in paragraaf 7 van Alfred Nobel se belangstelling in vredesverwante sake.

Die woord, vredesverwante, is korrek gespel.

WAAR**ONWAAR****Totaal: 76 Punte**